SA Jagters- en Wildbewaringsvereniging
SA Hunters and Game Conservation Association
Bewaring deur volhoubare benutting / Conservation through sustainable utilisation

MULTIGEWEER SPOEDSKIET

Belangrik: Die Multigeweer Spoedskiet is ontwikkel om skuts se vaardigheid en akkuraatheid teen tyd met verskillende wapentipes te ontwikkel en as inleiding tot die MDS skietdissipline. Die volgende beginsels geld vir die aanbied van die Multigeweer Spoedskiet dissiplines:

a. Die dissipline sluit in: handwapens, haelgewere en gewere

b. Dit kan slegs by takke aangebied word waar MDS Baanoffisiere die aktiwiteite daarvan beheer en

c. Die MDS Veiligheidsreëls geld by die Multigeweer Spoedskietdissiplines met spesifieke klem op:

   1. Onveilige Wapenhantering - Sien MDS reëlboek (2.3)
   2. 180° Reël - Sien MDS reëlboek (2.4)
   3. Vinger dissipline - Sien MDS reëlboek (3.2)

Oortreding van die reëls **sal** diskwalifikasie tot gevolg hê.

HANDWAPEN SPOEDSKIET

SENTERSLAG PISTOOL (SG14-A)
SENTERSLAG REWOLWER (SG14-B)
RANDSLAG PISTOOL (SG14-C)
RANDSLAG REWOLWER (SG14-D)
LUGPISTOOL (SG14-E)
OPE KLAS (SG14-F)

1. Inleiding

Belangrik: Die Multigeweer Spoedskiet is ontwikkel om skuts se vaardigheid en akkuraatheid teen tyd met verskillende wapentipes te ontwikkel en as inleiding tot die MDS skietdissipline.

2. Handwapens en kalibers

2.1. Senterslag: Pistool of rewolwer

2.2. Randslag: Pistool of rewolwer

2.3. Lugpistool: Geen beperking op kaliber en looplengte nie

3. Visiere of teleskope

3.1. 'n Laser wat op 'n teiken projekteer word nie toegelaat nie.

3.2. Senterslag Pistool (SG14-A), Senterslag Rewolwer (SG14-B), Randslag Pistool (SG14-C), Randslag Rewolwer (SG14-D) en Lugpistool (SG14-E) – slegs oop visiere word toegelaat:



3.3. Ope Klas (SG14-F) - die volgende visiere en teleskope word toegelaat:

4. Skietprosedure

4.1. Die Baanoffisier neem die tyd met ’n skootteller (“Shot Timer”).

4.2. Oog- en gehoorbeskerming moet gebruik word tydens die uitvoering van die skietoefening.

4.3. Teikens – 5 MDS.

4.4. Afstand – Tot met 10 meter.

4.5. Aantal skote – 10 (2 per teiken).

4.6. Skietposisie - Vryhand staan sonder enige bykomende ondersteuning.

4.7. Gereedheidsposisie - Die skut staan in die vryhand staanposisie agter die tafel met gelaaide wapen 45 grade af in die rigting van die middel van die teikens met vinger buite die snellerbeuel.

4.8. ’n Tafel vir die skut se geweer/toerusting word sterk aanbeveel.

4.9. Veiligheid - Die handwapen se loop moet te alle tye in ’n veilige rigting (na die teiken) wys tydens alle herlaai-aksies of storings, en die snellervinger moet altyd buite die snellerbeuel wees totdat die visiere op die teiken is.

5. Skietoefening en bevele

5.1. “Skut na die skietpunt, wapens bly in sakke, tasse of holsters tot verdere bevele”

5.2. “Die baan is gesluit (toe)”
Hierdie is die eerste bevel wat die skut by die skietpunt sal hoor. Hierdie bevel dui aan dat die skietoefening gaan begin en almal wat nie deel vorm van die skietoefening nie die baan moet verlaat.

5.3. “Oog- en gehoorbeskerming”
Die skut, baan offisiere en toeskouers sal toesien dat hy / sy oog- en gehoor beskerming aan is – Baan Offisier moet bevestig.

5.4. “Haal uit, verklaar en wys veilig”

- Op die bevel van die Baanoffisier, haal die skut die handwapen uit die sak, tas of holster, met die loop ten alle tye na die teiken gerig, wys aan die Baanoffisier dat dit veilig is en plaas dit op die tas of sak op die tafel voor hom.
  Pistool: Magasyn uit, geen rondte in die kamer nie en aksie oop.
  Rewolwer: Silinder oop met geen rondtes in die silinder nie.
- Die skut plaas sy gelaaide magasyne of gelaaide spoedlaaiers / los rondtes op die tafel voor hom.
- Die skut neem stelling in agter die tafel by die skietpunt.
- Die Baanoffisier bevestig dat die handwapen se loop ten alle tye in ’n veilige rigting (na die teiken) wys tydens alle herlaai-aksies of storings, en die snellervinger moet altyd buite die snellerbeuel wees totdat die visiere op die teiken is.

5.5. Skietoefening - Die Baanoffisier verduidelik die skietoefening aan die skuts:
Skut staan in P1 met 2 magasyne / spoedlaaiers, gelaai met 6 rondtes elk, of los rondtes op die tafel. Laai die wapen met een magasyn / 6 rondtes en hou die wapen met 45 grade na grond in die nie-dominante hand. Met die sein, betrek T1 en T2 met die ooreenstemmende hand – T2 met linker hand en T1 met regterhand alleen. Herlaai en betrek T3 tot T5 vryhand in taktiese volgorde.

5.6. “Maak gereed”
- Dubbelaksie pistole: magasyn in die wapen met ’n rondte in die kamer, die hamer ontspanne en die veiligheidsknip geaktiveer as die wapen oor so iets beskik. Die eerste skoot moet dubbelaksie wees;
- Enkelaksie pistole: magasyn in die wapen met ’n rondte in die kamer, die hamer gespan en die veiligheidsknip geaktiveer as die wapen oor so iets beskik
- Spitspen aksies (bv. Glock): magasyn in die wapen met ’n rondte in die kamer, die spitspen gespan en die veiligheidsknip geaktiveer indien die wapen daaroor beskik
- Enkel- en dubbelaksie rewolwers: silinder gelaai en gesluit en die hamer ontspanne

Skut neem ook die gereedheidsposisie in en die Baan Offisier let op dat geen veiligheids reëls gebreek word nie.

5.7. “Is almal gereed?”
- Die Baanoffisier bevestig dat sy skootteller (“Shot Timer”) gereed is en ook die tweede baanoffisier (indien daar een is).
- As die skut nie gereed is nie moet die skut dit duidelik verbaal aandui. As die Baanoffisier vir langer as 3 sekondes geen reaksie vanaf die skut ontvang nie sal die Baanoffisier aanneem die skut is gereed en die volgende bevel gee.

5.8. “Almal is gereed. Staan by”

5.9. Baan offisier aktiveer die skootteller (“Shot Timer”), binne een (1) tot tien (10) sekondes na die “Staan By” bevel.
- Die skut rig nou die handwapen op die teiken, deaktiveer die veiligheidsknip (indien van toepassing) en voltooi die skietoefening aaneenlopend soos voorgeskryf.

5.10. “Indien klaar, ontlaai en wys veilig”
- As die skut klaar is met die skietoefening sal die wapen ontlaai word deur die magasyn te verwyder en die glystuk oop te hou sodat die Baanoffisier die kamer kan inspekteer.
- Met rewolwers sal die skut die ongelaaide silinder aan die Baanoffisier toon.
- Die handwapen se loop moet ten alle tye in ’n veilige rigting (na die teiken) wys en die snellervinger moet altyd buite die snellerbeuel wees.

5.11. “Indien veilig, glystuk na voor/maak silinder toe”
- Die skut neem altyd volle verantwoordelikheid vir die toestand van sy wapen.
- Al het die Baanoffisier die kamer geïnspekteer is dit nog steeds die skut se volle verantwoordelikheid om toe te sien dat sy wapen veilig is.

5.12. “Trek die sneller”
Die wapen moet in ’n veilige rigting gewys word en die sneller moet afgetrek word om verder te verseker dat die wapen veilig is. Sou daar ’n skoot afgaan is dit ’n nalatige skoot en skut sal gediskwalifiseer word. Hierdie bevel is nie nodig vir rewolwers nie.

5.13. “Pak weg / Holster”
Die skut plaas die wapen terug in die holster / pak dit weg sonder enige magasyn in die wapen.

5.14. “Die baan is veilig, tel doppe op en neem telling”
Die baan mag nou betree word deur almal en die Baanoffisier en skut gaan vorentoe om die telling te neem. Die tyd word ook op die skut se tellingkaart aangebring. Dit dui die einde van die skiet oefening aan waarna die baan reggestel (gaatjies word toegeplak) word vir die volgende skut.

5.15. “Ontruim die skietpunt”
Die skut verlaat die skietpunt na hy / sy die tellingkaart geteken het.

6. Horner tellingsisteem

6.1. Die Horner tellingsisteem beklemtoon akkuraatheid en spoed en word uitgewerk deur die tyd plus strafpunte af te trek van 100 punte om jou finale telling te kry.
100 punte – (tyd + teikenpunte) = finale telling.

6.2. Die teiken telareas is soos volg:

A	= 0
C	= 1
D	= 3
Mis	= 5
Skoot nie geskiet nie	= 5



MDS teiken

6.3. Elke punt word bereken as sekondes en word saam met die tyd by die begin telling (100) afgetrek.

7. Tellingadministrasie

’n Erkende SAJWV skietkoördineerder stuur die tellings via die tablet na hoofkantoor se databasis.

MULTIGEWEER SPOEDSKIET

HANDWAPEN BAANUITLEG

Beskrywing:
Vaardigheid Oefening

Prosedure:
Skut staan in P1 met 2 magasyne / spoedlaaiers, gelaai met 6 rondtes elk, of los rondtes op die tafel. Laai die wapen met een magasyn / 6 rondtes en hou die wapen met 45 grade na grond in die nie-dominante hand. Met die sein, betrek T1 en T2 met die ooreenstemmende hand – T1 met linker hand en T2 met regterhand alleen. Herlaai en betrek T3 tot T5 vryhand.

Telling	Beperk
Teikens	5 MDS
Skote	2 Skote per teiken
Rondtes	10
Begin - Stop	Sein - Laaste Skoot



HAELGEWEER SPOEDSKIET

HAELGEWEER SPOEDSKIET ENKELLOOP (SG12-A)
HAELGEWEER SPOEDSKIET DUBBELLOOP (SG12-B)
HAELGEWEER SPOEDSKIET POMPAKSIE (SG12-C)
HAELGEWEER SPOEDSKIET SELFLAAI BUISMAGASYN (SG12-D)
HAELGEWEER SPOEDSKIET SELFLAAI BOKSMAGASYN (SG12-E)

1. Inleiding

Belangrik: Die Multigeweer Spoedskiet is ontwikkel om skuts se vaardigheid en akkuraatheid teen tyd met verskillende wapentipes te ontwikkel en as inleiding tot die MDS skietdissipline.

2. Haelgeweer aksies, kalibers en ammunisie

2.1. Tipe aksies – die volgende aksie tipes word toegelaat:

2.1.1. Breek-aksie haelgeweer (hinge or break action)

Enkelloop (knak-/breek-aksie) (SG12-A)

Dubbelloop (Knak/breek-aksie) (SG12-B)

2.1.2. Pompaksie (SG12-C)

2.1.3. Selflaai buismagasyn (SG12-D)

2.1.4. Selflaai boksmagasyn (SG12-E)

2.2. Bore/gauge: Slegs die volgende bore/gauge mag gebruik word: 12Ga, 16Ga en 20Ga.

2.3. Ammunisie: Toelaatbare haelkorrel grootte: Slegs nommer 6, 7, 7.5, 8 en 9.

3. Visiere of teleskope

3.1. ’n Laser wat op ’n teiken projekteer word nie toegelaat nie.

3.2. Die volgende visiere en teleskope word toegelaat:

4. Skietprosedure

4.1. Die Baanoffisier neem die tyd met ’n skootteller (“Shot Timer”).

4.2. Oog- en gehoorbeskerming moet gebruik word tydens die uitvoering van die skietoefening.

4.3. Teikens – Twee stelle staalplate - 5 plate (200 x 200mm) op 15m en 5 plate (300 x 300mm) op 20m.

4.4. Afstand – Tot met 20 meter.

4.5. Aantal skote – 10 (Staalplate moet val).

4.6. Skietposisie - Vryhand staan sonder enige bykomende ondersteuning.

4.7. Gereedheidsposisie - Die skut staan in die vryhand staanposisie agter die tafel met gelaaide wapen teen die skouer, met die loop 45° na vore in die rigting van die middel van die teikens, met veiligheidsknip aan (indien die wapen oor een beskik), met albei hande op die wapen en vinger buite die snellerbeuel.

4.8. ’n Tafel vir die skut se geweer/toerusting word sterk aanbeveel.

4.9. Veiligheid - Die handwapen se loop moet te alle tye in ’n veilige rigting (na die teiken) wys tydens alle herlaai-aksies of storings, en die snellervinger moet altyd buite die snellerbeuel wees totdat die visiere op die teiken is.

5. Skietoefening en bevele

5.1. “Skut na die skietpunt, wapens bly in sakke of tasse tot verdere bevele”

5.2. “Die baan is gesluit (toe)”
Hierdie is die eerste bevel wat die skut by die skietpunt sal hoor. Hierdie bevel dui aan dat die skietoefening gaan begin en almal wat nie deel vorm van die skietoefening nie die baan moet verlaat.

5.3. “Oog- en gehoorbeskerming”
Die skut, baan offisiere en toeskouers sal toesien dat hy / sy oog- en gehoor beskerming aan is – Baan Offisier moet bevestig.

5.4. “Haal uit, verklaar en wys veilig”

- Op die bevel van die Baanoffisier, haal die skut die haelgeweer uit die sak of tas, met die loop ten alle tye na die teiken gerig, wys aan die Baanoffisier dat dit veilig is en plaas dit op die tas of sak op die tafel voor hom met die aksie oop, ’n kamer vlaggie of “Snap Caps” in die kamer, die slot ontspanne en alle afhaalbare magasyne verwyder vanaf die wapen.
- Die skut plaas sy gelaaide magasyne / los rondtes op die tafel voor hom, maar mag dit ook in ’n doelgemaakte holster aan sy gordel stoor. Die holster moet die patrone styf genoeg vashou sodat die patrone / magasyn nie uitval as die holster onderstebo gedraai word nie.
- Die skut neem stelling in agter die tafel by die skietpunt.
- Die Baanoffisier bevestig dat die haelgeweer se loop ten alle tye in ’n veilige rigting (na die teiken) wys tydens alle herlaai-aksies of storings, en die snellervinger moet altyd buite die snellerbeuel wees totdat die visiere op die teiken is.

5.5. Skietoefening - Die Baanoffisier verduidelik die skietoefening aan die skuts:
Skut staan in P1 en onder bevel van die BO, laai die wapen met 5 rondtes, indien moontlik, en spaar ammunisie op die tafel of in holster. Span die wapen en aktiveer die veiligheidsknip. Staan met wapen, wat wys na die middel van die teikens, teen die skouer met die loop 45° na vore met albei hande op die wapen en snellervinger buite die snellerbeuel . Met die sein, deaktiveer die veiligheidsknip en betrek eers staalplate op 15m en dan die staalplate op 20m - herlaai soos nodig.

5.6. “Maak gereed”

- Die baan offisier haal die kamer vlaggie/s of “Snap Caps” uit die kamer en die skut laai die haelgeweer.
- Breek-aksie haelgeweer: Plaas ammunisie in die kamer/s, en maak die aksie toe met die hamer/s ontspanne en die veiligheidsknip geaktiveer, as die wapen oor so iets beskik. Die skut mag die hamers span na die sein en na elke herlaai indien nodig. Dit is nie nodig om die veiligheidsknip te aktiveer gedurende herlaai nie.
- Pompaksie en Selflaai buismagasyn haelgeweer: Die skut laai sy buismagasyn met 5 rondtes, maak die aksie toe en aktiveer die veiligheidsknip. Dit is nie nodig om die veiligheidsknip te aktiveer gedurende herlaai nie.
- Selflaai boksmagasyn haelgeweer: Plaas een magasyn (met 5 rondtes) in die geweer, maak die aksie toe en aktiveer die veiligheidsknip. Dit is nie nodig om die veiligheidsknip te aktiveer gedurende herlaai nie.
- Skut neem ook die gereedheidsposisie in en die Baan Offisier let op dat geen veiligheids reëls gebreek word nie.

5.7. “Is almal gereed?”

- Die Baanoffisier bevestig dat sy skootteller (“Shot Timer”) gereed is en ook die tweede baanoffisier (indien daar een is).
- As die skut nie gereed is nie moet die skut dit duidelik verbaal aandui. As die Baanoffisier vir langer as 3 sekondes geen reaksie vanaf die skut ontvang nie sal die Baanoffisier aanneem die skut is gereed en die volgende bevel gee.

5.8. “Almal is gereed. Staan by”

5.9. Baan offisier aktiveer die skootteller (“Shot Timer”), binne een (1) tot tien (10) sekondes na die “Staan By” bevel.

- Die skut rig nou die haelgeweer op die teiken, deaktiveer die veiligheidsknip (indien van toepassing) en voltooi die skietoefening aaneenlopend terwyl daar herlaai word soos benodig.

5.10. “Indien klaar, ontlaai en wys veilig”

- As die skut klaar is met die skietoefening sal die wapen ontlaai word (met geen magasyne of ammunisie in die wapen) en die kamer of aksie sal oop gehou word sodat die Baanoffisier die kamer kan inspekteer.
- Die baan offisier kan nou die kamer vlaggie/s of “Snap Caps” terug sit in die kamer.
- Die haelgeweer se loop moet ten alle tye in ’n veilige rigting (na die teiken) wys en die snellervinger moet altyd buite die snellerbeuel wees.

5.11. “Indien veilig, glystuk na voor/maak aksie toe”

- Die skut neem altyd volle verantwoordelikheid vir die toestand van sy wapen.
- Al het die Baanoffisier die kamer geïnspekteer is dit nog steeds die skut se volle verantwoordelikheid om toe te sien dat sy wapen veilig is.

5.12. “Trek die sneller”
Die wapen moet in ’n veilige rigting gewys word en die sneller moet afgetrek word om verder te verseker dat die wapen veilig is. Sou daar ’n skoot afgaan is dit ’n nalatige skoot en skut sal gediskwalifiseer word.

5.13. “Pak weg”
Die skut plaas die wapen terug in die sak of tas sonder enige ammunisie / magasyn in die wapen.

5.14. “Die baan is veilig, tel doppe op en neem telling”
Die baan mag nou betree word deur almal en die Baanoffisier en skut gaan vorentoe om die telling te neem. Die tyd word ook op die skut se tellingkaart aangebring. Dit dui die einde van die skiet oefening aan waarna die baan reggestel (staalplate opgestel) word vir die volgende skut.

5.15. “Ontruim die skietpunt”
Die skut verlaat die skietpunt na hy / sy die tellingkaart geteken het.

6. Horner tellingsisteem

6.1. Die Horner tellingsisteem beklemtoon akkuraatheid en spoed en word uitgewerk deur die tyd plus strafpunte af te trek van 100 punte om jou finale telling te kry.
100 punte – (tyd + strafpunte) = finale telling.

6.2. Die teiken telareas is soos volg:

Staal plaat omgeskiet	= 0
Mis	= 5
Skoot nie geskiet nie	= 5

6.3. Elke punt word bereken as sekondes en word saam met die tyd by die begin telling (100) afgetrek.

7. Tellingadministrasie

’n Erkende SAJWV skietkoördineerder stuur die tellings via die tablet na hoofkantoor se databasis.

MULTIGEWEER SPOEDSKIET

HAELGEWEER BAANUITLEG

Beskrywing:
Vaardigheid Oefening

Prosedure:
Staan in P1 en onder bevel van die BO, laai die wapen met 5 rondtes, indien moontlik, en spaar ammunisie op die tafel of in holster. Span die wapen en aktiveer die veiligheidsknip. Staan met wapen, wat wys na "A", teen die skouer met die loop 45° na vore met albei hande op die wapen. Met die sein, betrek eers staalplate op 15m en dan die staalplate op 20m - herlaai soos nodig.

Telling	Beperk
Teikens	10 Staal plate
Skote	Staal plate moet omval
Rondtes	10
Begin - Stop	Sein - Laaste Skoot
Staal plate	15m - 5x200mm
	20m - 5x300mm



MODERNE SPORTSKIETGEWEER SPOEDSKIET

MSG - (SENTERSLAG) (SI23- A)
MSG - (RANDSLAG) (SI23- B)

1. Inleiding

Belangrik: Die Multigeweer Spoedskiet is ontwikkel om skuts se vaardigheid en akkuraatheid teen tyd met verskillende wapentipes te ontwikkel en as inleiding tot die MDS skietdissipline.

2. Vuurwapentipes, kalibers en ammunisie

2.1 Vuurwapentipes:

2.1.1 MSG – Randslag

2.1.2 MSG – Senterslag

2.2 Ammunisie:

Randslag:	Slegs .22LR toegelaat
Senterslag:	Enige senterslagkaliber insluitend PCC (Pistol Calibre Carbine – byvoorbeeld 9mm P)

3. Visiere of teleskope

3.1 ’n Laser wat op ’n teiken projekteer word nie toegelaat nie.

3.2 Die volgende visiere en teleskope word toegelaat:

4. Skietprosedure

4.1 Die Baanoffisier neem die tyd met ’n skootteller (“Shot Timer”).

4.2 Oog- en gehoorbeskerming moet gebruik word tydens die uitvoering van die skietoefening.

4.3 Teikens – Twee MDS Mini teikens op 25m en 4 MDS teikens op 50m.

4.4 Afstand – Tot met 50 meter.

4.5 Aantal skote – 12 (2 skote per teiken).

4.6 Skietposisie - Vryhand staan sonder enige bykomende ondersteuning.

4.7 Gereedheidsposisie - Die skut staan in die vryhand staanposisie agter die V-Tac versperring met gelaaide wapen teen die skouer, met die loop 45° na vore wat raak aan die versperring, met veiligheidsknip aan (indien die wapen oor een beskik), met albei hande op die wapen en vinger buite die snellerbeuel.

4.8 ’n Tafel vir die skut se geweer/toerusting word sterk aanbeveel.

4.9 Veiligheid - Die handwapen se loop moet te alle tye in ’n veilige rigting (na die teiken) wys tydens alle herlaai-aksies of storings, en die snellervinger moet altyd buite die snellerbeuel wees totdat die visiere op die teiken is.

5. Skietoefening en bevele

5.1 “Skut na die skietpunt, wapens bly in sakke of tasse tot verdere bevele”

5.2 “Die baan is gesluit (toe)”
Hierdie is die eerste bevel wat die skut by die skietpunt sal hoor. Hierdie bevel dui aan dat die skietoefening gaan begin en almal wat nie deel vorm van die skietoefening nie die baan moet verlaat.

5.3 “Oog- en gehoorbeskerming”
Die skut, baan offisiere en toeskouers sal toesien dat hy / sy oog- en gehoor beskerming aan is – Baan Offisier moet bevestig.

5.4 “Haal uit, verklaar en wys veilig”

- Op die bevel van die Baanoffisier, haal die skut die geweer uit die sak of tas, met die loop ten alle tye na die teiken gerig, wys aan die Baanoffisier dat dit veilig is en plaas dit op die tas of sak op die tafel voor hom met die aksie oop, ’n kamer vlaggie in die kamer, die slot ontspanne en alle afhaalbare magasyne verwyder vanaf die wapen.
- Die skut plaas sy gelaaide magasyne (8 rondtes elk) op die tafel voor hom, maar mag dit ook in ’n doelgemaakte holster aan sy gordel stoor. Die holster moet die magasyne styf genoeg vashou sodat die magasyn nie uitval as die holster onderstebo gedraai word nie.
- Die skut neem stelling in agter die tafel by die skietpunt.
- Die Baanoffisier bevestig dat die geweer se loop ten alle tye in ’n veilige rigting (na die teiken) wys tydens alle herlaai-aksies of storings, en die snellervinger moet altyd buite die snellerbeuel wees totdat die visiere op die teiken is.

5.5 Skietoefening - Die Baanoffisier verduidelik die skietoefening aan die skuts:
Skut staan in P1 en onder bevel van die BO, laai die wapen met een magasyn, span die wapen en aktiveer die veiligheidsknip. Die skut staan in die vryhand staanposisie agter die V-Tac versperring met gelaaide wapen teen die skouer, met die loop 45° na vore wat raak aan die versperring, met veiligheidsknip aan (indien die wapen oor een beskik), met albei hande op die wapen en vinger buite die snellerbeuel. Met die sein, betrek teiken 1 en 2 vanuit ooreenstemmende posisies. Herlaai, betrek teiken 3 staande, sonder enige ondersteuning en dan teiken groep 4 tot 6 vanuit ooreenstemmende posisie. Versperring mag as rus gebruik word en veiligheidsknip (indien beskikbaar) moet geaktiveer word as daar van teikens verwissel word.

5.6 “Maak gereed”

- Die baan offisier haal die kamer vlaggie uit die kamer en die skut laai die geweer.

- Plaas een magasyn (met 8 rondtes) in die geweer, maak die aksie toe en aktiveer die veiligheidsknip. Dit is nie nodig om die veiligheidsknip te aktiveer gedurende herlaai nie.
- Skut neem ook die gereedheidsposisie in en die Baan Offisier let op dat geen veiligheids reëls gebreek word nie.

5.7 “Is almal gereed?”
- Die Baanoffisier bevestig dat sy skootteller (“Shot Timer”) gereed is en ook die tweede baanoffisier (indien daar een is).
- As die skut nie gereed is nie moet die skut dit duidelik verbaal aandui. As die Baanoffisier vir langer as 3 sekondes geen reaksie vanaf die skut ontvang nie sal die Baanoffisier aanneem die skut is gereed en die volgende bevel gee.

5.8 “Almal is gereed. Staan by”

5.9 Baan offisier aktiveer die skootteller (“Shot Timer”), binne een (1) tot tien (10) sekondes na die “Staan By” bevel.
- Die skut rig nou die geweer op teiken 1, deaktiveer die veiligheidsknip (indien van toepassing) en voltooi die skietoefening aaneenlopend en herlaai na teiken 2 betrek is.

5.10 “Indien klaar, ontlaai en wys veilig”
- As die skut klaar is met die skietoefening sal die wapen ontlaai word (met geen magasyne of ammunisie in die wapen) en die kamer of aksie sal oop gehou word sodat die Baanoffisier die kamer kan inspekteer.
- Die baan offisier kan nou die kamer vlaggie terug sit in die kamer.
- Die geweer se loop moet ten alle tye in ’n veilige rigting (na die teiken) wys en die snellervinger moet altyd buite die snellerbeuel wees.

5.11 “Indien veilig, glystuk na voor/maak aksie toe”
- Die skut neem altyd volle verantwoordelikheid vir die toestand van sy wapen.
- Al het die Baanoffisier die kamer geïnspekteer is dit nog steeds die skut se volle verantwoordelikheid om toe te sien dat sy wapen veilig is.

5.12 “Trek die sneller”
Die wapen moet in ’n veilige rigting gewys word en die sneller moet afgetrek word om verder te verseker dat die wapen veilig is. Sou daar ’n skoot afgaan is dit ’n nalatige skoot en skut sal gediskwalifiseer word.

5.13 “Pak weg”
Die skut plaas die wapen terug in die sak of tas sonder enige ammunisie / magasyn in die wapen.

5.14 “Die baan is veilig, tel doppe op en neem telling”
Die baan mag nou betree word deur almal en die Baanoffisier en skut gaan vorentoe om die telling te neem. Die tyd word ook op die skut se tellingkaart aangebring. Dit dui die einde van die skiet oefening aan waarna die baan reggestel (gaatjies word toegeplak) word vir die volgende skut.

5.15 “Ontruim die skietpunt”
Die skut verlaat die skietpunt na hy / sy die tellingkaart geteken het.

6. Horner tellingsisteem

7.1 Die Horner tellingsisteem beklemtoon akkuraatheid en spoed en word uitgewerk deur die tyd plus strafpunte af te trek van 100 punte om jou finale telling te kry.
100 punte – (tyd + strafpunte) = finale telling.

7.2 Die teiken telareas is soos volg:

A	= 0
C	= 1
D	= 3
Mis	= 5
Skoot nie geskiet nie	= 5



MDS teiken



MDS Mini teiken

7.3 Elke punt word bereken as sekondes en word saam met die tyd by die begin telling (100) afgetrek.

7. Tellingadministrasie

'n Erkende SAJWV skietkoördineerder stuur die tellings via die tablet na hoofkantoor se databasis.

MULTIGEWEER SPOEDSKIET

MODERNE SPORTSKIETGEWEER (MSG) BAANUITLEG

Beskrywing:
Vaardigheid Oefening

Prosedure:
Skut staan in P1 en onder bevel van die BO, laai die wapen met een magasyn, span die wapen en aktiveer die veiligheidsknip. Die skut staan in die vryhand staanposisie agter die V-Tac versperring met gelaaide wapen teen die skouer, met die loop 45° na vore wat raak aan die versperring, met veiligheidsknip aan (indien die wapen oor een beskik), met albei hande op die wapen en vinger buite die snellerbeuel. Met die sein, betrek teiken 1 en 2 vanuit ooreenstemmende posisies - teiken 1 deur gat 1, ens. Herlaai, betrek teiken 3 staande, sonder enige ondersteuning en dan teiken 4 tot 6 ook vanuit ooreenstemmende posisie. Versperring mag as rus gebruik word en veiligheidsknip (indien beskikbaar) moet geaktiveer word as daar van teikens verwissel word.

Telling	Beperk
Teikens	4 MDS en 2 Mini MDS
Skote	2 Skote per teiken
Rondtes	12
Begin - Stop	Sein - Laaste Skoot



VIKING TACTICS® (VTAC®) TRAINING BARRICADE

https://www.vikingtactics.com/Articles.asp?ID=252

https://www.vikingtactics.com/Articles.asp?ID=252